Top Vibe

KIDS MAGAZINE

ONLINE

MAY 2025

ISSUE 82

Leer jou kind verantwoordelikheid.

INDEX

CONTENT

Top Vibe
ONLINE
Kids Magazine

COMMENTS:

Please send us an e-mail to
admin@topvibe.co.za
to share your opinion, ideas and comments.

COPYRIGHT:

Content of Top Vibe Kids Magazine is protected by copyright. NO part of this publication may be reproduced or used in any form whatsoever without prior settelment with the editor.

DISCLAIMER:

The Editors or the publisher cannot be held responsible for damages or consequences of any errors or omissions neither do they stand warranty for the performance of any article, letter and / or advertisement. The views of other writers or articles in this Magazine are not necessarily the views of the Editor.

MEDIA HOUSE:
TOP VIBE MAGAZINE
TOP VIBE KIDS MAGAZINE
GLAMOUR TALK MAGAZINE
50+ MAGAZINE / TYDSKRIF

EDITOR:
Charmaine Britz

CONTACT DETAILS:
Cell: 072 768 8582

E- MAIL:
admin@topvibe.co.za

WEBSITE:
www.topvibe.co.za

1.

OUR ADVERTISERS:

Support our advertisers they support
us!

2.

PROPPIE PROJEK KOM TOT 'N EINDE:

Die proppies is oorhandig sien bl 6 en 7

3.

MEDIA HOUSE PROJECTS:

Please support our projects for 2025 . It's so much fun...

4.

FACE OF TOP VIBE KIDS MAGAZINE 2025:

Read about our little Face of Top Vibe Kids Magazine 2024/25



REGULARS

1. EDITORS NOTE 03

Charmaine Britz CEO - MEDIA HOUSE
Top Vibe Magazine / Top Vibe Kids Magazine,
Glamour Talk Magazine and 50+ Magazine/ Tydskrif.

2. AMBASSADORS 04

Top Vibe Kids Ambassadors: Meet our Ambassadors for 2025. It's their second year as ambassadors. Taygan Botha, and Celesté Bam

3. IT'S FUN TIME 08

We at Top Vibe Kids Magazine try to keep you busy with fun things to do. Hope you enjoy!

4. MODEL COVER PAGE 01

Our cover page for Mother's day was part of a competition where you could be part of the coverpage. Belinda with all here children is on the cover page from House Belinda in Vanderbijlpark

5. BACK PAGE 20

Back page: Our next Issue is our June 2025 Issue.

Photographer: Albertus Kriel
Venue: Turn & Tender Vaalmall

REDAKTEURS NOTA

Liewe maats,

Soos belowe ons Moedersdag voorblad behoort aan Belinda van Huis Belinda met al haar praagtige kinders. Huis Belinda is in Vanderbijlpark geleë. Baie geluk julle dit is vir ons 'n voorreg dat julle op ons voorblad pronk. Hou die spassie dop vir dinge wat ons beplan.

Onthou ons volgende projekte soos die Vrouedag in Augustus en natuurlik ons Sip en Paint in Junie.

Dit is hier waar dit lekker is hou ons sosiale media dop vir wat gebeur waar en wanneer.

Geniet dit om vir mamma te bederf maats wees ekstra soet elke dag vir mamma, help haar met werkies in en om die huis.

Liefde

Charms

OUR AMBASSADORS

CELESTé BAM

Helloooo liewe tieners!

Dis Mei maand! Wat spesiaal is van Mei maand is dat 11 Mei 2025 Moedersdag is. Nou ek weet dis altyd ‘n stryd oor wat om vir Mamma te doen op Moedersdag, hier is ‘n paar idee’s!

Hoe Hoërskoolkinders vir mamma kan bederf op Moedersdag:

Moedersdag is die perfekte kans om vir jou ma te wys hoeveel jy alles waardeer wat sy vir jou doen. Hoërskoolleerlinge het dalk nie 'n groot begroting nie, maar kreatiwiteit en bedagsaamheid gaan 'n lang pad. Hier is 'n paar idees om hierdie Moedersdag ekstra spesiaal vir jou ma te maak!

1. Maak haar ontbyt in die bed:

Begin haar dag met 'n tuisgemaakte ontbyt. Klits 'n paar pannekoeke, eiers of roosterbrood op en voeg 'n koppie kofÞe of tee by. Selfs al is dit nie perfek nie, sal sy mal wees oor die moeite en die kans om te ontspan.

2. Beplan 'n "taakvrye" dag:

Gee jou ma 'n blaaskans deur haar take vir die dag oor te neem. Of dit nou die skottelgoed, wasgoed of die huis opruim is, sal sy die kans waardeer om terug te sit en te ontspan.

3. Kook aandete saam:

Beplan 'n spesiale aandete en kook dit vir haar (of saam met haar, as sy dit geniet!). Kies haar gunstelingmaaltyd en dek die tafel met kerse en blomme om dit soos 'n spoggerige aand uit te laat voel.

4 Spandeer kwaliteittyd saam:

Soms is die beste geskenk bloot om tyd saam deur te bring. Kyk na haar gunsteling ßiek, gaan stap of speel 'n bordspeletjie waarvan sy hou. Om te wys dat jy omgee deur teenwoordig te wees, sal haar dag onvergeetlik maak. Onthou, Moedersdag gaan daaroor om liefde en dankbaarheid te betoon. Maak nie saak wat jy doen nie, die moeite en gedagte wat jy insit, sal jou ma waardeer laat voel

Celesté Bam

Liewe maats,

Mei maand is vir my die lekkerste maand dit is die maand waar in ons, ons Mammas kan bederf, tegnies moet ons dit elke dag doen maar die een dag naamlik Moedersdag is spesiaal uitgesit vir hulle.

Ek het ‘n goeie idee wat ek gaan doen, as jy nog nie ‘n plan het nie dink ek jy moet spoedig moontlik ‘n plan maak.

Die winter is natuurlik om die draai en ek weet sommer daar gaan die dae wees wat ek nie wil opstaan nie ha ha ha.

En tog is winter lekker want jy kan net “chill” en movie oor ‘n naweek.

Groete tot volgende maand.

Groete Taygan

TAYGAN BOTHA

Proppies vir die Sweetheart Foundation

Media House se Proppie projek.

Media House het in 2024 hierdie projek geloots, en kon die projek afsluit met 17 bokse vol proppies.

Baie dankie vir die Ambassadeurs van Media House sowel as die gemeenskap ons is verheug om te sê dat Carin Mulder ons Events Ambassadeur hierdie proppies kon oorhandig aan Jacky by die Sweetheart Foundation Vanderbijlpark.

Hierdie was nog een van ons span pogings altyd lekker wanneer daar is getroue span saam staan.

Nogmals baie dankie julle, vir die publiek julle was "great"

MEDIA HOUSE 2025 Projects

Our June and August projects
for more Info call 072 768 8582

Leer jou kind verantwoordelikheid.

Leer jou kind verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid is al klaar ‘n uitgerekte lang woord op papier. Die betekenis van die woord weeg nóg swaarder. Tog moet ouers hulle kinders van kleinsaf verantwoordelikheid leer, anders kan jou kind se lewe later in chaos verval.

Verantwoordelikhede is verwagtings wat aan ons gestel word. Dít wat God van ons verwag, is om ons verantwoordelikheid uit te voer. Dít wat ‘n ouer van ‘n kind verwag, is die kind se verantwoordelikheid om sy take uit te voer. Wanneer jy van jou kind verwag om sy kamer netjies te maak, is dit tog sy verantwoordelikheid om dit te doen.

WAARDESTELSEL NODIG

Voordat ‘n kind weet wat van hom verwag word en wat sy verantwoordelikhede is, het hy nodig om ‘n waardestelsel te hê, om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is, wat van hom verwag word en wat nie. Daar is slegs een plek waar ‘n kind dit leer en dit is by sy ouers. Wanneer ‘n ouer van enigiemand anders verwag om sy kind verantwoordelikheid te leer, is die kind bloodgestel daaraan om die verkeerde waardestelsel sy eie te maak of selfs geen verantwoordelikheid aan te leer nie.

Verantwoordelikheid en respek gaan hand-aan-hand. ‘n Kind se verantwoordelike gedrag beteken ook om respekvol op te tree (teenoor God, sy ouers, medemens en homself), om sy humeur te beteuel en aanvaarbare gedrag te openbaar.

Ons verantwoordelikheid as Christene is om onder andere respek te betoon teenoor God en sy gebooie te gehoorsaam (Eks 20:6); dit is Sy opdrag aan ons en ‘n eerste verantwoordelikheid wat ‘n kind moet leer. .

Ons mag nie ander gode dien nie, om moet die Sabbatdag heilig hou, ons vader en moeder eer en ons mag nie iemand anders te na kom nie. Deur gereelde huisgodsdiens te hou, word ‘n kind groot met watter verwagtinge God aan ons stel.

OUERS EN KINDERS SE VERANTWOORDELIKHEID

God spreek daarom nie kinders vry daarvan om verantwoordelik te lewe nie. ‘n Kind se verantwoordelikheid teenoor sy ouers is om hulle te respekteer en te gehoorsaam (Eks 6:12; Spr 1:8 & Ef 6:1-3). Ouers het egter ook die verantwoordelikheid om ‘n kind te onderrig ten opsigte van die Woord van God en verantwoordelikheid, hom toe te rus vir die lewe en te dissiplineer (Spr 22:6 & Spr 29:15).

Daar is ‘n gesegde wat lui: “Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.” Ons het ook ‘n verantwoordelikheid teenoor ons naaste (Eks 6:13-17). ‘n Kind moet leer om ander mense te respekteer, te help en nie te na te kom nie (Jak 2:14-26). ‘n Kind moet leer dat geloof ook dade behels – ons moet ook ‘n ‘doen’ geloof koester. Laat jou kind uitreik na hulpbehoewendes en dié wat om hulp vra.

Ons is geskape as beeld van God (Gen 1:26), as tempels van die Heilige Gees (1 Kor 6: 19-20) en daarom is selfrespek en verantwoordelikheid teenoor jouself net so belangrik. Dit is God se wil dat elkeen sy volle potensiaal bereik en sy talente tenvolle benut (Mat 25:14-29). ‘n Kind moet leer om verantwoordelikheid te neem vir sy besluite en dade. As ‘n kind dít nie kan doen nie, gaan hy nie sy potensiaal kan bereik nie.

VERANTWOORDELIK VAN KLEINSAF

Dit klink nou alles goed en wel, maar die vraag is: “Hoe leer ‘n ouer ‘n kind om verantwoordelik te wees?” Hier is ‘n paar praktiese wenke om ‘n kind verantwoordelike op te voed.

• Gee jou kind van baie kleins aftakies om te verrig; byvoorbeeld om sy papiere self in die asblik te gooi. As jy onseker is watter take jou kind sal kan regkry, begin by maklike takies, wanneer jou kind dit bemeester het, kan take groter en moeiliker gemaak word.

• Vra jou kind om te help met die versorging van ‘n troeteldier: die gee van kos en water en die skoonmaak van die troeteldier se leefruimte. Só leer ‘n kind verantwoordelikheidsin, die versorging en liefhê van iemand of iets anders as homself. Normaalweg is die nuutjie van die versorging van ‘n huisdier gou af, maar maak dit die kind se plig en dit moet konstant volgehou word.

• Moedig jou kind aan om take te verrig. As hy nie take wil verrig nie, maak ‘n speletjie daarvan en werk saam.

• Deur dissipline leer ‘n kind dat sy gedrag gevolge gaan hê. Pas dissipline effektief en konsekwent toe.

• Stel duidelike grense en straf dienooreenkomstig wanneer reëls gebreek word.

• Speel speletjies byvoorbeeld, “wat dink jy sal gebeur as...” Maak dit lekker en leer so op ‘n prettige wyse om gevolge te voorspel.

• Wees ‘n voorbeeld vir jou kind – wees self verantwoordelik en toon respek teenoor ander. Jou kind leer viinig uit jou verantwoordelike gedrag.

VOLG OP BL 13

Chef Tommy

Kom ons maak Jellie

Benodig:

Klein mengbak
1 x pak jellie
1/2 koppie warm water
1/2 koppie kook water.
Gooi die jellie in die bak, dan die warm water roer deeglik. Voeg die koue water by en roer laat afkoel plaas in yskas tot dit gestol is.

Dit is heerlik net so of met vla of roomys.

Ons bak en brou Saam met my maats...

• Kinders kan van jongs af leer om besluite te neem byvoorbeeld, met watter speelgoed hy eerste wil speel of watter ontbytpap hy wil eet. Wanneer ‘n kind egter ‘n besluit geneem het, mag hy nie weer van plan verander en iets anders wil hê nie.

• Help jou kind om bereikbare doelwitte te stel en dit uit te voer.

• Moenie onrealistiese hoë verwagtinge aan jou kind stel nie.

• Wees versigting om nie jou kind se moed te breek deur onredelike kritiek te lewer nie.

. Gee positiewe versterking vir goeie werk. Alles moet nie deur lekkergoed of nuwe speelgoed beloon te word nie. “Dankie” of “ek is so trots op jou” is ook ‘n beloning.

• Vat jou kind saam en gaan gee speelgoed en te klein klere vir arm kinders.

• Leer jou kind die waarde van geld deur te spaar (spaarbussie). Só leer jou kind met geld werk en dat alles in die lewe nie verniet kom nie. Dit is nodig om te werk en te spaar om die dinge te kan koop wat hy graag wil hê.

• Hou huisgodsdiens en bid saam met jou kind.

• Maak ‘n verantwoordelike kind groot, dit voorkom ernstige probleme later in jou kind se lewe.

• ‘n Verantwoordelike kind het ‘n verantwoordelike opvoeder nodig.

Happy Mother's day to all our Mother's

Mother's is the glue that keeps everything together.

Media House would like to salute all mother's may you be blessed with strength, joy and peace.

Thank you for everything you do, I know it does not feel if anybody appreciate you but they do.
"Mother's" is such a simple word.
But to me there's meaning seldom heard.
For everything I am today, My Mother's love showed me the way.

Happy Mother's Day to our Mother's



Berei jou kind voor vir die lewe maak van hulle beter groot mense

"Ek kan sélf ... Bereid tans voor vir die lewe

Kinders wat oor die nodige vaardighede beskik om selfstandig op te tree, het die selfvertroue om enige uitdaging wat oor hulle pad kom te hanteer - en om boonop uit te blink.

Sulke vaardighede word nie altyd by die skool geleer nie. Dit is die ouers se verantwoordelikheid en voorreg om dit by die huis te doen. Kinders leer buitendien die beste uit hulle ouers se voorbeeld.

Baie vaardighede kan egter net aangeleer word wanneer 'n mens presies beskryf watter gedrag verwag word, wanneer die kind gewys word hoe om dit te doen en wanneer hy of sy dan toegelaat word om dit self te probeer.

Maak dit opwindend

Kinders is in staat om meer te doen as wat ons van hulle verwag, sê mev Nadia Besselaar, 'n onderwyser by die Sonstraal Kleuterakademie in Durbanville. "Hulle kan van kleins af heelwat takies doen. Ons moet hulle net die geleentheid gun om self te probeer en uit hulle foute te leer."

Om vir jou kinders nuwe vaardighede te leer hóéf ook nie 'n sleurtaak te wees nie. Hou dit eenvoudig en maak dit opwindend. Jou kind sal dit geniet om algaande meer selfstandig te word. Kort voor lank sal ook jy die vrugte daarvan pluk. Hier is 'n klompie basiese vaardighede wat jou kinders op die lewenspad sal nodig kry: Sosiale vaardighede

Reeds vanaf die babajare is kinders in verhoudings betrokke – met gesinslede en met maats.

Leer hulle om respek vir ander te hê. Dat verhoudings uit "gee" én "neem" bestaan,sê mev Wietske Boon, 'n spelterapeut in Centurion.

Jong kinders is geneig om hulle maats seer te maak, omdat hulle nog nie hulle frustrasies verbaal kan kommunikeer nie. Wys jou kind daarop dat sulke gedrag onaanvaarbaar is en gee hom alternatiewe maniere om frustrasie te kommunikeer.

Verwag van jou kinders om met respek met jou te praat, nie terug te praat of te skree nie. En nie te hiet en gebied nie, maar te vra

Ouer kinders kan leer hoe om mooi met maats te praat, nie lelike opmerkings te maak nie en mededeelsaam te wees.

Kinders moet leer om konflik positief te hanteer. En hoe om teleurstelling in 'n maat te oorkom. Interaksie tussen broers en susters is die ideale oefenterrein waar geleer kan word hoe om met iemand te verskil - terwyl jy jou selfbeheersing behou, én jou respek vir die ander een. Rollespel en poppekas is ook prettige maniere om situasies te ondersoek en vaardighede aan te leer.

Dit is belangrik dat kinders van jongs af geleer word hoe om hulleself te handhaaf. Nadia sê: "Wanneer hulle by iemand is wat hulle nie so goed ken nie, moet hulle kan sê hoe hulle voel of wat hulle nie kan doen nie, en nie net begin huil nie. As jou kind dus met boelies, groepsdruk of ongewenste aandag te doene kry, sal hy weet hoe om sy man te staan.

Goeie besluitneming- en probleemoplossingsvaardighede help kinders om sosiaal die mas op te kom. Leer jou kind hoe om 'n dinkskrum te hou en om 'n bepaalde idée se voor- en nadele te lys.

Om vriende te maak en intieme verhoudings te ontwikkel is nie vir alle kinders ewe maklik nie. In enige verhouding kom daar moeilike tye. Deur goeie kommunikasie, empatie en kompromie kom 'n mens daar deur, en kan die verhouding selfs verdiep.

Twee van jou peuter se eerste woorde behoort "asseblief" en "dankie" te wees. Goeie manierebou selfvertroue en waardigheid, sêdr James Dobson in Bringing up Girls. "'n Meisie wat goed opgevoed is, sal nooit onkant gevang word wanneer sy in 'n onbekende situasie is nie. Haar sin vir selfwaarde word versterk deur die manier hoe volwassenes op haar sjarme, waardigheid en grasie reageer." Dieselfde geld natuurlik vir seuns.

Leer jou kinders goeie tafelmaniere deur saam kamma-teepartytjies te hou waar alles op die korrekte manier gedoen word. Dit bied ook 'n goeie geleentheid om te leer hoe om 'n goeie gasheer en gasvrou te wees.

Goeie kommunikasie

Kinders wat duidelik en met selfvertroue praat, is gerat vir sukses. "Praat met jou kinders soos wat jy wil hê hulle moet klink," is Nadia se raad.

Gee vir jonger kinders 'n woordeskat vir dit wat hulle sien en beleef deur baie en op 'n beskrywende manier met hulle te praat. Moenie groot woorde of wiskundige terme vermy nie. Jou kind gaan dit dalk nie die eerste keer herhaal nie, maar as jy dit meer en meer gaan gebruik, gaan hy dit begin verstaan en later self begin gebruik.

Om goed te kan luister, is 'n uiters belangrike vaardigheid. Kinders wat nie kan luister nie, sukkel om opdragte by die skool uit te voer en mag stout voorkom.

Geheuespeletjies is 'n goeie manier om luistervaardighede te oefen. Vra jou kind om drie items te gaan haal of drie takies (in die regte volgorde) te doen. As hy dit wil onthou, sal dit hom dwing om goed te luister wat jy sê.

Fantasie-speletjies is vir jong kinders groot pret. Vra jou kind om op sy fiets kamma drie items by die winkel te gaan koop en dit vir jou te bring.

Kinders moet die kuns van 'n onderhoudende tweegesprek aanleer. Dr James Dobson illustreer dit met twee mense wat 'n bal na mekaar toe gooi. Die een wat die bal vang, moet dit weer vir die ander persoon teruggooi. As hy dus die bal vashou, kan hulle nie verder speel nie.

Op dieselfde manier beëindig 'n mens die gesprek wanneer jou antwoorde geslote is. Voorbeelde is "ja", "nee", of "Ek hou van koeksusters" - wat nie verdere gesprek aanmoedig nie. Leer jou kind om antwoorde uit te brei ("Ek hou van my ma se koeksusters") en belangstellende vrae te vra.

Basiese huishoudkunde

Betrek jou kinders kosvoorbereiding en huistake - en hulle sal dit eendag sonder moeite in húlle huis kan doen. Laat jou kleuter help met eenvoudige takies help, soos om blaarslaai op te skeur.

Leer hulled an geleidelik hoe om te meng, te roer en met 'n mes te sny. Hoe om toebroodjies te maak, 'n resep te gebruik - tot hulle uiteindelik in staat is om 'n gebalanseerde ete te beplan.

Kleuters kan ook help met die wasgoed deur aanvanklik hulle klere te gaan bêre, of die donker en ligte kleure te skei. Later kan hulle leer hoe om die wasmasjien te gebruik.

Leer hulle hoe om 'n huis behoorlik skoon te maak. Selfs 'n kleuter kan leer hoe om 'n bed met 'n duvet op te maak. Leer hulle stelselmatig hoe om skoonmaaktoerusting te gebruik en onderhou, hoe om basiese herstelwerk te doen - en wanneer om hulp te kry. Dieselfde geld ook vir 'n voertuig.

Maak dit vir jou kinders makliker om hulle besittings te organiseer en netjies te hou deur bêreplekke te skep vir dit wat bymekaar hoort.

Wees geldslim

As kinders van kleins af toegelaat word om finansiële besluite te neem, kan hulle met min geld leer (en met klein bedrae foute maak!)

Help jou kind om sy sakgeld te verdeel in 'n gedeelte vir sy tiende, spaargeld vir 'n langtermyndoel, spaargeld vir 'n korttermyndoel en geld vir onmiddellike behoeftes. Só kom hulle in die gewoonte om te spaar en oefen hulle om begrotings te laat klop.

Neem hulle saam wanneer jy inkopies doen en wys hulle hoe om spaarsamig te wees en produkte se pryse, hoeveelhede en kwaliteit te vergelyk.

Afknouery in skole: is jou kind dalk die boelie?

Afknouery kan gedefinieer word as aggressiewe gedrag met betrekking tot die opsetlikheid van die aanvaller, afknouery wat op 'n gereelde en herhaaldelike basis plaasvind of die misbruik van mag. Afknouery kan bestaan uit slaan, skop, boks, dreigemente, die versprei van skinderstories, sarkasme, verkleinering van iemand en/of om ander te spot. Boelies probeer graag om beheer oor ander kinders te kry deur afknouende woorde te gebruik of om handgemeen te raak. Boelies tree vyandig en aggressief teenoor hul slagoffers op.

Dogters of seuns kan boelies wees of gedrag van afknouery toon. Seuns is meer geneig om ander direk af te knou met fisiese aksie soos slaan of skop, waar dogters meer indirek betrokke raak deur skinderstories te versprei of om 'n ander kind uit die groep te sluit. Afknouery by kinders begin al so vroeg as kleuterskool of selfs die eerste paar jare van laerskool. Dit kan verder eskaleer in die kind se laerskoolloopbaan, waar afknouery sy hoogtepunt bereik aan die einde van die kind se laerskoolloopbaan of aan die begin van sy hoërskoolloopbaan. Teen die einde van die kind se hoërskoolloopbaan mag hy in voorvalle betrokke raak waar hy kriminele- of bendegedrag toon. Dit is dus belangrik dat jy as ouer stappe neem van jou kind se jong ouderdom af sodat jou kind nie in 'n boelie verander nie.

In die vorige blog is die verskillende vorme van afknouery wat by skole voorkom, deurgegee - fisiese, verbale, emosionele, rassistiese, seksuele, en kuberafknouery. Daarna is die tekens dat jou kind dalk moontlik 'n slagoffer van afknouery is, uiteengesit (http://artikels.afriforum.co.za/raad-en-daad-boelies/). Dit is dus belangrik om aandag te gee aan kinders wat geboelie word, maar aan die keersy is dit van kardinale belang om ondersteuning aan die kinders wat self boelies is, te bied.

Die volgende tekens kan by jou kind identifiseer word indien hy self die boelie is:

Het vriende wat ander afknou;

Word gereeld na die hoof se kantoor gestuur, of gestuur vir detensie ná skool;

Blameer ander mense of kinders vir hul probleme;

Is behep met hul populariteit en reputasie onder leerders;

Is baie kompeterend;

Raak betrokke by fisiese en verbale gevegte/ voorvalle;

Word vinnig kwaad of aggressief;

Het skielik nuwe besittings of ekstra geld wat nie verduidelik kan word nie; of

Neem geen verantwoordelikheid vir hul optrede nie.

Dit is nie altyd maklik om te erken dat jou kind dalk 'n boelie is nie. As 'n ouer wil jy nie hê jou kind moet 'n boelie bly vir die res van sy lewe nie, want situasies kan vererger soos 'n kind ouer word. Dit is daarom belangrik om op te let of daar enige van die bogenoemde tekens by jou kind verskyn en om deurlopend hul gedrag te moniteer.

Kinders weet dat dit verkeerd is om ander af te knou en dit is juis waarom hulle kies om dit te doen wanneer ouers nie in die omtrek is nie. Hierdie lei tot 'n toename in kuberafknouery, want die internet word gesien as 'n ouervrye herehuis. Omdat ouers in die donker gehou word oor wat die kinders daagliks aanvang (op die internet en op hul selfone) het hulle geen beheer oor die situasie en die negatiewe gevolge wat kuberafknouery vir kinders bring nie. Toesig deur ouers is dus noodsaaklik om afknouery te stop

Ander vriende by hul groep uitsluit;

Aanhou met onaanvaarbare en onaangename gedrag wanneer jy reeds vir hom gesê het om daarmee op te hou;

Onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor kinders wat as anders of vreemd beskou word;

Gereeld ander kinders spot of tart;

Deurlopende aggressiewe en wrede videospeletjies speel;

Diere seermaak; of Skinder of ander kinders seermaak.

As 'n ouer het jy 'n geweldige invloed op jou kind se lewe. Ons is almal gewone mense wat soms gedrag van afknouery toon. Dit is natuurlik en beteken nie noodwendig dat ons slegte mense is nie. Dit is dus belangrik dat ons oop en eerlik oor ons eie gedrag moet dink en dan vra - wys my kind ook hierdie tipe gedrag?

Die volgende is van kardinale belang:

Ouers moet onder geen omstandighede die boeliekind verwerp nie, maar hulle juis meer liefdevol hanteer. Ouers moet geensins huiwer om deskundige hulp te vra nie.

My kind is 'n boelie. Wat kan ek daaromtrent doen?

Wanneer jou kind as 'n boelie beskou word, is dit jou plig as ouer om hulle daarvan bewus te maak dat dit volkome ontoelaatbaar is. Jy kan die volgende aan jou kind vertel:

"Jy kan nie saam met kinders tyd spandeer wat ander afknou nie"

"Ek of 'n ander volwassene sal toesig oor jou hou. Wanneer ander kinders by ons huis kom speel, moet julle speel waar ek julle kan sien"

Bly weg van kinders wat afknou.

MAGAZINE

Media House

NEXT ISSUE - JUNE 2025

TO DOWNLOAD GO TO www.topvibe.co.za